**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**PROVINSIALE EKSAMEN**

# JUNIE 2018

**GRAAD 10**

# REKENINGKUNDE

**TYD: 2 uur**
**PUNTE: 200**

**11 bladsye**

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**PROVINSIALE EKSAMENS**

**REKENINGKUNDE**

**PUNTE: 200**
**TYD: 2 uur**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord ALLE vrae.
2. Beantwoord alle vrae in die antwoordboek wat voorsien word.
3. Toon alle berekenige om deelpunte te verdien.
4. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
5. Jy mag 'n blou of swart ink pen gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Veranderinge moet netjies gedoen word. **ONLEESBARE** syfers sal nie gemerk word nie.
7. Gebruik die inligting in die onderstaande tabel wanneer vrae beantwoord word.
8. Probeer om nie van die tydsindeling per vraag af te wyk nie.

| Vraag | Besonderhede | Punte | Tydsduur in minute |
|---|---|---|---|
| 1 | Transaksie-ontleding | 46 | 28 |
| 2 | Salarisse | 20 | 12 |
| 3 | Kontantjoernale | 36 | 22 |
| 4 | Algemene Joernaal en Algemene Grootboek | 56 | 34 |
| 5 | Debiteure Rekonsiliasie | 42 | 24 |
| **Totaal** | | **200** | **120** |

## VRAAG 1: TRANSAKSIE-ONTLEDING (46 punte; 28 minute)

### INLIGTING

Soca Pillay is die eienaar van Sokker Verskaffers. Die besigheid gebruik ŉ winsgrens van 25% op kosprys.

### GEVRA

Ontleed die transaksies wat plaasgevind het in April 2018 volgens die antwoordboek voorsien. Die eerste transaksie is vir jou gedoen om te dien as voorbeeld:

Veronderstel Bank ŉ **voordelige** saldo ten alle tye het.

### TRANSAKSIES

Bv. Betaal die water en elektrisiteitsrekening per tjek, R450.

01 Sokker Verskaffers koop handelsware kontant, R10 000.
03 Verkoop goedere op skuld aan B. Naidoo vir R5 200.
10 B. Naidoo stuur beskadigde goedere met ŉ kosprys van R2 400 terug, reik kredietnota uit.
20 B. Naidoo vereffen sy rekening ten volle minus 10% kontantkorting.
24 Betaal vir seëls uit die kleinkas, R45.
ŉ Vaste Deposito by ADD Bank vir R18 000 verval vandag. Ontvang ŉ tjek vir die bedrag.
31 Belas B. Smith se agterstallige rekening van R900 met rente teen 12% per jaar vir 3 maande.

## VRAAG 2: SALARISSKALE, BEREKENINGE EN INTERNE KONTROLE

**(20 punte; 12 minute)**

2.1 Die volgende salarisskaal was voorberei vir Salmon Nkonde, ŉ administratiewe klerk wat in diens is van Greenwich Verskaffers. Hy is in diens geneem op 1 Januarie 2010.

**48 000 x 4 800 → 57 600 x 5 200 → 68 000 x 5 500 → 84 500**

**Voltooi die tabel in jou antwoordboek en beantwoord die volgende vrae.**

2.1 2.1.1 Wat is Salmon se maandelikse beginsalaris? (2)

2.1.2 In watter jaar sal Salmon R57 600 verdien? (1)

2.1.3 Met watter persentasie sal Salmon se salaris verhoog aan die einde van die eerste jaar? (2)

2.1.4 Hoeveel jaar sal Salmon moet werk voordat hy 'n jaarlikse salaris van R84 500 verdien? (2)

2.2 Gebruik die onderstaande inligting en bereken die NETTO SALARIS vir die werknemer (Dorothy Sibande) vir Maart 2017. (7)

**INLIGTING**

| | |
|---|---|
| Bruto salaris | R6 700 |
| LBS | 15% van die bruto salaris |
| Mediesefonds | R4 200 per jaar |
| Pensioenfonds | 8% van die bruto salaris |
| WVF | 1% van die bruto salaris |

2.3 Die eienaar van Greenwich Verskaffers is ontevrede met die produksievlakke van sy werknemers, hy het hulle gedreig om hul salarisse te verminder.

2.3.1 Is die aksie wat Greenwich Verskaffers wil neem aanvaarbaar? Motiveer jou antwoord deur EEN punt te noem. (2)

2.3.2 Watter maatreëls / aksies moet die werkgewer aanwend om die produksievlakke te verhoog? Noem TWEE punte. (4)

## VRAAG 3: KONTANTJOERNALE (36 punte; 22 minute)

Die volgende inligting is geneem uit die rekeningkundige rekords van KORTH Handelaars vir die maand April 2018.

**GEVRA**

3.1 Boekstaaf die onderstaande transaksies in die Kontantjoernale van KORTH Handelaars vir April 2018. **[Moenie die joernale optel nie.]** (36)

**INLIGTING**

| Datum | Transaksies vir April 2018 |
|---|---|
| 01 | Inligting soos per Kasregister Rol (KRR) no. 42:<br>Verkope, R10 752 (Koste van verkope, R7 168). |
| 04 | Reik kwitansie no. 81 uit aan K. Sayed vir R1 520, ter vereffening van haar skuld van R1 600. |
| 07 | Koop handelsware vir R2 400 minus 5% handelskorting vanaf R. Vania en betaal per tjek no. 113.<br><br>Betaal Vinnige Aflewerings R260 per tjek om die bostaande handelsware by die besigheid af te lewer. |
| 09 | Reik ŉ tjek uit aan Crazy Bank vir R580 vir die maandelikse terugbetaling op die lening. |
| 10 | Betaal R3 120 aan Zwane Handelaars per tjek op rekening en ontvang R180 korting. |
| 18 | Ontvang tjek no. 687 vir R1 700 vanaf Nkosi Verskaffers, ŉ krediteur as ŉ terugbetaling vir ŉ oorbetaling wat gemaak is in Maart 2018. |
| 20 | ŉ Tjek getrek deur N. Van Niekerk vir R2 760 ter vereffening van haar rekening van R2 800 is teruggestuur deur die bank as nie-betaal as gevolg van onvoldoende fondse. |
| 22 | Totale kredietkaartverkope tot op datum, R20 600. Koste van verkope, R13 733. |
| 26 | Stuur ŉ tjek vir R10 400 aan Beauty Versekeraars Kie ter betaling van die eienaar se jaarlikse versekeringspremie op haar persoonlike voertuig. |

28 ’n Debiteur, IM Wise, betaal R300 op ’n rekening wat vroëer gedurende Desember 2017 afgeskryf is as oninbaar.

Ontvang R6 700 vanaf Crazy Bank om die lening te verhoog.

30 Die bankstaat ontvang vanaf Wêreld Bank toon die volgende wat steeds geboekstaaf moet word in die Kontantjoernale:

- Diensgeld, R220
- Kontanthanteringsheffing, R190
- Kredietkaartfooie , R50
- Rente op ’n oortrokke banksaldo, R160.

## VRAAG 4: ALGEMENE JOERNAAL EN ALGEMENE GROOTBOEK

**(56 punte; 34 minute)**

### 4.1 ALGEMENE JOERNAAL

Die volgende inligting is geneem uit die boeke van Prowler Skryfbehoeftes.

**Neem kennis van die volgende punte tydens boekstawing:**

- Wys die oorsprong van die transaksies deur gebruik te maak van folio-verwysings.
- Die besigheid gebruik ŉ **winsgrens van 100%** op kosprys.
- Datums moet duidelik aangedui word.
- Balanseer of totaliseer alle Algemene Grootboek-rekeninge.
- Moenie omskrywings doen by die Algemene Joernaal nie.

**GEVRA**

Boekstaaf die onderstaande transaksies in die Algemene Joernaal op 31 Julie 2017. Voorlopige totale is vir jou gegee. (31)

| Algemene Joernaal | | | |
|---|---|---|---|
| Debiteurekontrole | | Krediteurekontrole | |
| Dt | Kt | Dt | Kt |
| 350 | 270 | 120 | 160 |

**Transaksies op 31 Julie 2017**

1 Die eienaar het voorraad uit die besigheid geneem vir ŉ persoonlike geskenk, wat R400 gemerk was.

2 C. Spender skuld R200.Haar insolvente bedoel betaal 20c in die rand. **Hierdie bedrag is geboekstaaf.** Die res van haar skuld moet nog afgeskryf word.

3 Die dishonoreerde tjek van R140 was ontvang van M. Baartman. Hierdie bedrag is geboekstaaf. Korting van R30 moet nog gekanselleer word.

4 Skryfbehoeftes aangekoop vanaf Walter Skryfbehoeftes, R390 was foutief geboekstaaf as Handelsvoorraad.

5 ŉ Kredietnota uitgereik aan ŉ debiteur M. Mthembu vir R280 was foutief oorgeboek na die rekening van ŉ krediteur, Mthembu Verskaffers.

6 Die eienaar het ŉ afleweringsvoertuig ter waarde van R170 000 as kapitaalbydrae in die besigheid gesit.

7 Die dak is herstel teen ŉ koste van R5 300. Die bedrag is foutief oorgeboek na die Grond en geboue-rekening.

8 Die vaste deposito van R100 000 het verval. Ontvang ŉ tjek vir R120 000 vanaf Engel Bank. Die rekenmeester het die totale bedrag oorgeboek na die Vaste Deposito-rekening.

## 4.2 ALGEMENE GROOTBOEK

Die onderstaande inligting is geneem uit die boeke van Cele Handelaars vir die maand geëindig 31 Julie 2017.

**GEVRA**

4.2.1 Gebruik die gegewe inligting en voltooi die Grootboek-rekeninge. Balanseer **SLEGS** die Handelsvoorraad rekening aan die einde van die maand.

- Handelsvoorraad (17)
- Verkope (6)

4.2.2 Cele Handelaars maak staat op die rekeningkundige rekords om die eindsaldo van voorraad te bereken. Volgens jou opinie, beskryf kortliks hoe die saldo van voorraad geverifieer kan word. (2)

**INLIGTING**

| **Saldo's op 1 Julie 2017:** | **R** |
|---|---|
| Handelsvoorraad voorhande | 20 600 |
| Verkope | 44 400 |

**Kontantontvangstejoernaal**

| Bank | Verkope | Koste van verkope | Korting toegestaan | Debiteure kontrole | Lopende inkomste |
|---|---|---|---|---|---|
| 57 830 | ? | 7 000 | 270 | 3 380 | 40 720 |

**Kontantbetalingsjoernaal**

| Bank | Handels voorraad | Korting ontvang | Krediteure kontrole | Debiteure kontrole | Skryfbe-hoeftes |
|---|---|---|---|---|---|
| ? | 17 900 | 620 | 6 510 | 140 | 1 620 |

**Debiteurejoernaal**

| Verkope | Koste van verkope |
|---|---|
| 8 800 | 4 400 |

**Debiteure-afslagjoernaal**

| Debiteure-afslag | Koste van verkope |
|---|---|
| 440 | 220 |

| **Krediteurejoernaal** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Krediteure kontrole | Handels voorraad | Skryfbe-hoeftes | Verpakkings materiaal | Diverse rekeninge |
| 18 400 | 5 990 | 1 500 | 2 300 | 8 610 |

| **Krediteure-afslagjoernaal** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Krediteure kontrole | Handels voorraad | Skryfbe-hoeftes | Verpakking smateriaal | Diverse rekeninge |
| 1 900 | ? | 175 | - | 1 155 |

| **Kleinkasjoernaal** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Kleinkas | Handels voorraad | Debiteure kontrole | Skryfbe-hoeftes | Diverse rekeninge |
| ? | 280 | 30 | 150 | - |

**VRAAG 5: DEBITEURE REKONSILIASIE EN INTERNE KONTROLE**
**(42 punte; 24 minute)**

Die volgende inligting is geneem uit die boeke van Disney Winkeliers vir Junie 2017.

Aan die einde van die maand kon die Debiteure kontrole rekening en die Debiteurelys nie rekonsilieer nie. As die interne ouditeur van Disney Winkeliers is jy gevra om te help met die rekonsiliasie proses.

**GEVRA**

5.1 Voltooi die korrekte Debiteurekontrole-rekening. (18)

5.2 Voltooi die korrekte Debiteurelys op 30 Junie 2017. (16)

5.3 Deur gebruik te maak van transaksie 1, noem TWEE kontrole maatreëls wat die besigheid kan implementeer voordat hulle krediet aan kliënte toestaan. (4)

5.4 Noem TWEE maniere hoe debiteure aangemoedig kan word om hul rekeninge betyds te betaal. (4)

**INLIGTING**

| **Algemene Grootboek van Disney Winkeliers** | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| DT | | | **Debiteurekontrole** | | | | | B5 | KT |
| Jun | 1 | Saldo | a/b | 13 460 | Jun | 30 | Bank en korting toegestaan | KOJ | 36 690 |
| | 30 | Verkope | DJ | 51 560 | | | Debiteure afslag | DAJ | 13 520 |
| | | Bank | KBJ | 7 500 | | | Joernaal krediete | AJ | 1 290 |
| | | Joernaal debiete | AJ | 0 | | | Saldo | o/d | 21 020 |
| | | | | **72 520** | | | | | **72 520** |
| Jul | 1 | Saldo | a/b | 21 020 | | | | | |

| **DEBITEURELYS OP 30 JUNIE 2017** | |
|---|---|
| M. Minnie | 3 810 |
| P. Pluto | 4 790 |
| G. Goofy | 8 340 |
| D. Donald | 2 690 |
| | 19 630 |

**Die volgende foute en weglatings is ontdek:**

1. P. Pluto se rekening moet afgeskryf word omdat hy nie gevind kan word nie.
2. ŉ Tjek ontvang vanaf M. Minnie vir R1 500 is korrek geboekstaaf in die joernaal en Algemene Grootboek maar was nie na haar persoonlike rekening oorgeboek nie.
3. Die totaal-kolom van die Debiteurejoernaal is met R2 210 te veel opgetel terwyl die Debiteure-afslag-kolom in die Debiteure-afslagjoernaal met R280 te min opgetel is.
4. D. Donald het goedere ter waarde van R1 110 teruggebring maar die boekhouer het dit foutief as kredietverkope geboekstaaf en oorgeboek.
5. Goedere is op krediet verkoop aan G. Goofy vir R2 440. Hierdie bedrag is korrek geboekstaaaf in die joernaal en Algemene Grootboek maar is oorgeboek na sy rekening as R2 040.
6. ŉ Tjek vir R600 ontvang vanaf D. Donald is gedishonoreer. R30 korting is toegestaan op hierdie betaling. Geen inskrywings is nog gedoen nie.

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| **200** |

**EINDE**